**10 DESEMBER Skrifgedeelte: Klaagliedere 3**

**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:31-38**

## Wie kan dié raaisel verstaan?

Die kinders van God word soms deur die grootste rampe en teëspoede getref. Dit help nie om te sê dat mense nie mag vra "waarom" dit gebeur nie. Almal worstel en wroeg maar met die vraag van onreg of tragedie wat op hul lewenspad kom. Dit is goed dat ons in gedagte hou dat ons in hierdie sondige en gebroke wêreld leef en dat gebrokenheid dikwels kenmerkend van hierdie lewe is. Is die feit van die gebrokenheid nou ‘n bevredigende antwoord om aan die post-moderne, rasionele mens te gee? Die waarheid is eintlik maar dat ons nooit werklik antwoorde op ons vrae oor die raaisel van nood en lyding kan kry nie.

Berou en bekering tot God is nie noodwendig die oplossing vir die teëpoede nie. Natuurlik is dit so dat berou en bekering deel moet wees van die daaglikse lewe van die gelowige. Dit mag egter nooit berou en bekering wees *sodat* die Here nou aan my goed moet doen nie. Dit moet berou en bekering wees *omdat* Hy God is en omdat Hy jou in Jesus Christus verlos het. Een of ander tyd word ‘n mens in jou lewe daarmee gekonfronteer dat die goeie én die slegte met jou gebeur. Alle vrae, alle skynbaar logiese antwoorde en al die soms emosionele reaksies bevredig ‘n mens eenvoudig nie. ‘n Mens moet doodeenvoudig biddend rus vind in die openbaring dat niks buite die Hoogste se bevel om plaasvind nie. Is dit nou ‘n bevredigende antwoord? Natuurlik nie. Maar dit gee aan die gelowige die sekerheid dat die Allerhoogste, my God en my Vader om Christus wil, uiteindelik oor my, sy kind, alles ten beste sal beskik. En ons het ‘n Vader wat met smartgevoel bewoë is oor sy kinders in hulle nood (Ps 103).

*Sing: Psalm 86:1 Dr Dick Steyn (Emeritus)*